# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTETOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 17 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSI-MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

# AFDELING A: OPSTEL

**AFDELING A** word volgens die aangehegte rubriek uit **50** geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp/prent skryf. Hy/sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

## NASIENRIGLYNE

Die kodes word aan die einde van die opstel soos volg aangedui:

**Voorbeeld:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Inhoud: | I | = | KL | – | 21 |
| 2. Taal, styl en redigering: | T | = | GH | – | 7 |
| 3. Struktuur: | S | = | G | – | 3 |
| Skryf die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel). | | | | | 31 |

Dra die punt uit 50 oor na die **BEGIN** van die opstel. Dit behoort by die beplanningsgedeelte te wees.

## DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

| | |
|---|---|
| • | **Inleiding**: Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Die paragraaf behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees. |
| • | **Liggaam**: Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte. |
| • | **Slot**: Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van ’n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl ’n argumenterende, beredeneerde en verklarende opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël. |

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 1: OPSTEL

### Riglyne

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidate se oogpunt en volgens hulle interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat mag gevolglik enige tipe opstel aanbied, soos byvoorbeeld:

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | **My selfoon lui.  Dit is half twee in die oggend ...**<br>Hierdie opstel leen hom tot ’n verhalende opstel. ’n Spanningselement lê in hierdie onderwerp opgesluit. Gewoonlik beteken ’n foon wat in die nag lui nie goeie nuus nie. Dit hoef egter nie noodwendig slegte nuus te wees nie, dit kan ook goeie nuus beteken – alles hang van die inhoud van die oproep af.<br>Die inhoud van die oproep kan ook een van teistering of boelie wees. ’n Vreemde persoon wat persoonlike inligting wil verkry of die ontvanger van die oproep wil slegsê. Kandidate behoort talle besonderhede van die selfoonoproep in die opstel weer te gee, byvoorbeeld wie is die persoon wat die oproep gemaak het? Is die persoon wat skakel aan die ontvanger bekend?<br>Dit kan ook ’n vriendelike gesprek wees. Die persoon wat die oproep gemaak het, is lus vir geselskap en wil graag in die nagtelike ure kuier.<br>Die persoon wat bel voel dalk depressief en soek hulp. Voorbeelde is talryk. | **[50]** |
| | | |
| 1.2 | **Ek voel verwerp.**<br>Talle kandidate bevind hulle in situasies waarin hulle verwerp voel. Hulle sukkel met selfbeeldprobleme, hulle word geïgnoreer en daarom voel hulle verwerp of hulle verwerp hul om een of ander rede self. Daar is gesinne wat moontlik sogenaamde “witbroodjies” het en dan voel die ander kinders nie welkom nie. Ouers of ander volwassenes kan ook vir ’n kind of jongmens sê: “Jy beteken in elk geval nie veel nie!” Die uitspreek van hierdie woorde laat die hoorder daarvan verwerp voel.<br>Families kan ook kinders of jongmense verwerp. Daar is families wat om een of ander rede niks met sekere familielede te doen wil hê nie. ’n Kind voel dit aan en ervaar dit as verwerping omdat hy/sy die “swartskaap” in die gesin of familie is.<br>Persoonlike probleme lei ook tot verwerping. Alkohol- en dwelmmisbruik veroorsaak dat jongmense deur hulle gesinne verwerp en uit die huis gejaag word.<br>Buitefaktore soos ’n egskeiding laat kinders of jongmense ook verwerp voel.<br>Dit is ’n opstel waarin kandidate hulle innerlike gevoelens kan neerskryf. | **[50]** |

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | **Niks is meer kosbaar as die lewe nie.**<br><br>Niks op hierdie ondermaanse kan lewe koop nie – geen geld, roem, skoonheid, aansien, status of hoogmoed nie. Die lewe is ’n geskenk wat ons van ons Skepper ontvang het en daarom moet die lewe die moeite werd wees.<br><br>Sommige kandidate kan moontlik hierdie onderwerp vanuit ’n Christelike oogpunt benader. Dit is aanvaarbaar, maar geensins verpligtend nie.<br><br>Kandidate kan moontlik skryf oor hoe hulle die lewe geniet en wat hulle alles op hierdie aarde doen – bloot omdat hulle lewe. Daar kom dikwels dae van wanhoop, teleurstelling, hartseer, pyn en frustrasie, nogtans is die lewe die moeite werd. Al genoemde probleme kan die hoof gebied word, omdat die lewe ’n fondament is wat help om probleme die hoof te bied.<br><br>Kandidate kan skryf oor aardse dinge wat vir hulle kosbaar is, maar dat alle aardse dinge ook van verbygaande aard is en al wat dan oorbly, is ’n kosbare lewe. | **[50]** |
| | | |
| 1.4 | **Vriende kan ’n partytjie maak of breek.**<br><br>Partytjies is aan die orde van die dag en sekerlik die oorgrote meerderheid kandidate het al ’n partytjie bygewoon. Hulle kan boeke vol skryf oor wat alles by partytjies gebeur.<br><br>**Vriende wat ’n partytjie maak.**<br><br>Vriende wat ’n partytjie “maak” is diégene wat met goeie bedoelings na ’n partytjie kom. Hulle kom swem, ontspan, dans, kuier, eet en drink (sonder om hulleself te buite te gaan). Hulle ken hulle perke. Dit is ’n groep vriende wat mekaar ken, vir mekaar omgee en in mekaar belangstel. Die partytjie gaan vir hulle oor ’n gesellige saamwees.<br><br>**Vriende wat ’n partytjie breek.**<br><br>Vriende wat ’n partytjie “breek” is diégene wat met bybedoelings by ’n partytjie opdaag. Die sogenaamde “brekers”. Sommige partytjiegangers kom reeds besope by die partytjie aan en wil met almal skoorsoek. Daar is voortdurend ’n gestryery wat dikwels op vuisgevegte uitloop. Gewoonlik is daar by sulke partytjies ’n oorvloed van alkoholiese drank en dikwels dwelms wat sake vererger. Tydens hierdie partytjies gebeur dit as ’n reël dat verhoudings tussen vriende en vriendinne skeefloop of verbrokkel. | **[50]** |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | **Ek is ’n voorstander/teenstander van aanlyn onderrig.**<br><br>**Voorstanders**<br><br>Kandidate wat voorstanders van aanlyn onderrig is, kan baie voorbeelde noem waarom hulle verkies om aanlyn onderrig te ontvang. Hulle hou nie van ’n massa kinders rondom hulle nie. Die klaskamersituasie is nie vir hulle bedoel nie. Hulle verkies om op hulle eie te werk. Moontlik het omstandighede daartoe gelei dat hulle genoop is om aanlyn onderrig te doen, byvoorbeeld, siekte, egskeiding, verhuising, skorsing uit ’n gewone skool en geldelike probleme. Juis daarom verkies hulle aanlyn onderrig.<br><br>**Teenstanders**<br><br>Daar kan baie teenstanders van aanlyn onderrig wees. Hulle hou nie daarvan om so alleen met akademiese werk besig te wees en alleen op hulle eie te werk nie. Dit is te afgesonderd en daar is ook nie sosialisering nie. Hulle mis vriendskapsbande. Hulle sukkel ook soms met werksopdragte en daar is nie altyd iemand beskikbaar om hulle te help nie. Die gehalte en standaard van aanlyn onderrig kan ook by kandidate twyfel skep. | **[50]** |
| | | |
| 1.6 | **Prent** (Tafelberg) *<br><br>Die opstel <u>moet</u> met die berg/berge, stad, stadion en see verband hou.<br><br>Die onderwerp kan op verskeie wyses vertolk word. Kandidate kan oor ’n uitstappie op Tafelberg of die omringende berge skryf en watter avonture hulle beleef het. Hulle kan oor ’n piekniek op die berg skryf. Hulle kon met ’n plesierboot op die see gevaar het of hulle kon branderplank gery het. In die stadion kon hulle bv. ’n sokkerwedstryd bygewoon het. Hulle kon aan ’n bergklimekspedisie deelgeneem het en skryf oor hoe hulle gesukkel het om die kruin te bereik. In die stad kan hulle winkelsentrums besoek en met hulle oë “koop”. Hulle kan oor ’n vakansie in die Moederstad skryf.<br><br>Die berg kan ’n simbool van ’n hindernis wees en hoe hulle sukkel om hierdie hindernis/se te oorkom. Die see kan moontlike figuurlike “oorstromings” in hulle lewens wees en hoe hulle vasgekeer voel. Die berg kan met krag en groei vergelyk word. | **[50]** |

© SACAI KOPIEREG

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | **Prent** (Motorwrak) *<br><br>Die opstel moet met die motorwrak verband hou.<br><br>Oor hierdie onderwerp kan die kandidate talle interessante gebeure skryf.<br><br>Hulle kan oor 'n motorongeluk skryf waarin hulle of iemand wat hulle ken betrokke was. 'n Ander onderwerp waaroor geskryf kan word, is: "'n Motorwrak vertel". Waarom lê die wrak in die veld of langs die pad? Wie was almal in die motor? Is die motor gekaap, gesteel of het die bestuurder roekeloos bestuur?<br><br>Daar kan ook verwys word na die verskriklike motorongelukke wat op ons land se paaie gebeur. Daar kan melding gemaak word van onverskillige bestuurders en die oortreding van padreëls.<br><br>Sommige kandidate kan oor 'n motorwrak in hulle tuin skryf en vertel hoe die motorwrak met blomme en plante versier is om 'n besondere indruk te skep.<br><br>Kunstenaars onder kandidate kan skryf hoe hulle die motor gaan skilder. | **[50]** |
| | | |
| 1.8 | **Prent** (Gesin) *<br><br>Die opstel moet met die gesin verband hou.<br><br>Die indruk wat die gesin in die prent skep, is 'n gesin wat gelukkig en vrolik is. Kandidate kan oor hulle gesinne skryf en vertel oor hoe hulle mekaar waardeer en dat hulle mekaar altyd ondersteun, selfs in tye van nood, hartseer en krisisse.<br><br>Hulle kan oor hulle pa/pa's, ma/ma's, broer/s en suster/s skryf, byvoorbeeld hoe hulle saam vakansie hou, tuinmaak, partytjies hou en sommer net die lewe geniet.<br><br>Die klem van hierdie onderwerp val op vriendelikheid, harmonie, saamwees, en geluk.<br><br>Dit is ook aanvaarbaar as kandidate droom dat hulle deel van so 'n gesin kon wees. Baie van hulle kom dalk uit gebroke huise en sou wat wou gee om die vreugde van 'n gelukkige gesin te kon deel. | **[50]** |
| | ***Die woorde tussen hakies verwys NIE na enige titel wat kandidate moet kies nie, maar bloot na die prente**. | |

## TIPES OPSTELLE

### VERHALENDE OPSTEL

Die skryf van ’n verhalende opstel handel oor die aanbied van ’n reeks gebeure in ’n sinvolle volgorde, vanuit enige perspektief.

**Hou die volgende in gedagte:**

- ’n Treffende inleiding boei die leser.
- ’n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar dit kan fiktief wees.
- Woorde en frases moet beskrywend wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- Die slot moet ongewoon, verrassend, interessant en onvoorspelbaar wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Die opstel word in die verlede tyd geskryf.

### BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sintuie en ’n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, ’n eie belewing en sinvolheid geniet aandag. (Dus meer as net die opnoem van waarnemings.)
- Tekste kan varieer van meer realisties na ’n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend en moet by die onderwerp of inhoud pas.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.
- Iemand of ’n gebeurtenis word beskryf sodat die leser dit as werklik ervaar.

## BEREDENEERDE OPSTEL

Dit is objektief en probeer om ’n gebalanseerde oogpunt van beide kante van ’n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot ’n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed word in die ontwikkeling van die opstel.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor ’n onderwerp waaroor ’n standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- Albei kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud moet oortuig en logies en helder ontwikkel.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- ’n Gevolgtrekking word bereik in die slotparagraaf en sluit aan by die inleiding.
- Die slot gee ’n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

## ARGUMENTERENDE OPSTEL

Die skrywer het ’n spesifieke mening en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer. Dit is ’n subjektiewe opstel.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit is subjektief en definitiewe opinies moet gestel word.
- Bied ’n eie mening aan op ’n oorspronklike wyse.
- Gee ’n reeks argumente om perspektief te motiveer.
- Konsentreer op argumente vir/teen die standpunt.
- ’n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel, maar nie kru is nie, kan gebruik word.
- ’n Duidelike en oortuigende slot is noodsaaklik.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

© SACAI KOPIEREG

## BESPIEGELENDE OPSTEL

Die skrywer oorweeg of deurdink ’n idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens daarop weer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak of onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins of oordink.
- Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- ’n Eie mening word gevorm (logies en sistematies).
- Daar is ’n definitiewe struktuur, maar ’n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie ’n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

## FEITELIKE OPSTEL

Die skrywer gee feite weer wat deur betroubare bronne, tydskrifte, koerante en gewaarwordings versamel is. Dit is iets wat werklik plaasgevind het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel moet ooglopend op navorsing gebaseer wees.
- Die navorsing moet tot sinvolle argumente en gevolgtrekkings lei.
- Paragrafering is belangrik ten opsigte van die afbakening van argumente.
- Die inleidende paragraaf moet dit duidelik stel waaroor die opstel handel.
- Die slotparagraaf is ’n gevolgtrekking wat op die argumente en feite berus.
- Standpuntstelling moet onomwonde gedoen word.
- ’n Betogende styl is onaanvaarbaar.
- Taalgebruik kan vakterminologie insluit maar dit moenie vreemd vir die teikengroep wees nie.

*[Bron verwerk uit: Piekfyn Afrikaans. Gr. 12. Riens Vosloo et al. 2013]*

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

**AFDELING B** word volgens die aangehegte rubriek uit **25** geassesseer. **TWEE** tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

## NASIENRIGLYNE

Die kodes word aan die einde van die transaksionele tekste soos volg aangedui:

**VOORBEELD:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Inhoud: | I | = | K – 11 |
| 2. Taal, styl en redigering: | T | = | G – 5 |
| Skryf die totaal van die transaksionele teks aan die regterkant (onder die transaksionele teks). | | | 16 |

2.1 **E-POS**

Die e-pos word aan die kandidaat se vriend/vriendin gerig.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die e-pos is die verspreiding van ’n boodskap of boodskappe of die deel van inligting via die internet aan ’n spesifieke ontvanger of ontvangers.
- In dié geval word die e-pos aan die kandidaat se vriend/vriendin gerig.
- Die formaat en inhoud van die e-pos is soortgelyk aan dié van informele briewe.
- Hierdie e-pos is ’n informele e-pos waarin die woorde “jy” en “jou” gebruik word.
- Die taalgebruik is informeel omdat die skrywer van die e-pos die persoon goed ken, bv. ’n vriend/vriendin.
- Die e-pos het ’n meer informele struktuur, alhoewel dit in paragraafformaat geskryf word.
- Die informele e-pos behoort uit drie tot vier paragrawe te bestaan.
- Wees versigtig dat woordkeuses nie aanstoot gee of gevoelens seermaak nie.
- Vermy negatiwiteit of sarkasme.
- Moenie onnodige leestekens, soos bv. uitroeptekens, gebruik nie.
- Dink na oor hoe die ontvanger die boodskap van jou e-pos gaan interpreteer en daarop reageer wanneer hy/sy dit lees.
- Die slot van ’n e-pos is net so belangrik soos die inleiding.

**VOORBEELD:**

| | |
|---|---|
| Van | **Skryf jou e-posadres, bv**. (deon242@gmail.com / anet9988@gmail.com) |
| Aan | **Ontvanger se e-posadres, bv.** (gert222@gmail.com / erna9988@gmail.com) |
| Datum | **Skryf die datum, bv.** (14 April 2025) |
| Onderwerp | **Dit is die opsomming van die inhoud van die e-pos, bv.** (Toekomstige loopbaan) |

Liewe/Beste Gert/Gert/Vriend/Liewe Erna/Erna/Vriendin
(Net Gert/Erna/Vriend/Vriendin sonder Beste/Liewe is ook korrek.)

**reël oop**

**Inleiding**: Die inleidende paragraaf kan bv. met die volgende sin/sinne begin: Baie dankie vir die e-pos wat ek van jou ontvang het, maar ek is baie geskok oor die inhoud daarvan. Ek is onverhoeds betrap en was geensins op die inhoud voorbereid nie.

**reël oop**

**Liggaam**: In die tweede paragraaf kan die skrywer van die e-pos skryf dat hy/sy die jarelange vriendskap wat daar tussen hulle was, intens gekoester het en dat hy/sy nooit daarvan bewus was dat daar enige probleme tussen hulle was nie; inteendeel, hulle het nog nooit met mekaar gestry of baklei nie.

**reël oop**

In ’n derde en vierde paragraaf wil die skrywer graag van sy/haar vriend/vriendin weet wat die rede is dat daar tot hierdie drastiese besluit oorgegaan is. Is daar iemand anders met wie die e-posskrywer nou bevriend wil wees? Is daar oor hulle vriendskap geskinder? Is daar persone wat op sosiale media onsmaaklike dinge kwytgeraak het?  Daar is baie redes waaroor kandidate kan skryf.

**reël oop**

**Slot**: In die laaste paragraaf kan die skrywer melding maak dat hy/sy enige tyd bereid is om met sy/haar vriend/vriendin oor hierdie skielike besluit te praat en om ’n oplossing te probeer vind. As die e-posskrywer nie kans vir so ’n gesprek sien nie, sal die ontvanger van hierdie e-pos sy/haar besluit respekteer.

**reël oop**

Groete.

**reël oop**

Jou vriend/vriendin (Opsioneel)
Deon/Anet

**[25]**

## 2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Die brief word aan die kandidaat se oupa/ouma gerig.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die taal, toon en register is informeel, bv. "jy"/"jou" .
- Die adres van die skrywer moet in die brief verskyn.
- Die brief moet 'n inleiding, liggaam en slot hê.
- Die kandidaat se oupa/ouma word direk aangespreek.
- Die brief is in eenvoudige taal.
- Die doel van 'n brief is om te kommunikeer en inligting te verskaf.

**VOORBEELD:**

(Geen **leestekens** word hier gebruik nie.)

Bergstraat 14
Middelburg
1055
20 September 2025

**reël oop**

Liewe Oupa/Ouma (Geen **leestekens** nie)

**reël oop**

**Inleiding**: In 'n sin of twee skryf die kandidaat waarom die brief aan sy/haar oupa/ouma gerig word, byvoorbeeld om dankie te sê vir die belangstelling in sy/haar welstand ná die besering wat hy/sy opgedoen het.

**reël oop**

**Liggaam**: In enkele paragrawe kan die kandidaat uitwei oor die erns van die besering – Wat het gebeur? Watter sportsoort? Hoe ernstig was die besering? Wanneer kan daar weer met die betrokke sportsoort voortgegaan word? Gaan die kandidaat die sportsoort finaal groet?

Die kandidaat kan skryf waarmee hy/sy hom-/haarself tydens die besering besig gehou het.

**reël oop**

**Slot**: Die kandidaat spreek weer eens dank teenoor sy/haar oupa/ouma uit vir hulle belangstelling en dat hy/sy baie lief vir hulle is.

**reël oop**

Groete**.**/Liefdegroete**.**/Beste groete**.**/Beste wense**.**/Vriendelike groete**.**
(**Punt** aan die einde. Dit is die laaste sin van die brief; daarom die punt.)

**reël oop**

Oupa/Ouma se kleinseun/-dogter (opsioneel) (Geen **leestekens** nie)
Martin/Doreen (Geen **leestekens** nie)

**[25]**

2.3 **DIALOOG**

**Hou die volgende in gedagte**:

- ’n Dialoog in hierdie geval is die gesprekvoering/kommuniksaie tussen twee persone.
- Die dialoog is tussen die kandidaat en sy/haar neef/niggie.
- Die sprekers se name staan teen die kantlyn.
- Daar is ’n dubbelpunt ná die naam.
- Die kandidaat se naam kan met “Ek” vervang word.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- ’n Reël word ná elke spreker (spreekbeurt) oopgelaat.
- Ekstra inligting word tussen hakies geskryf.
- Die taal en styl moet by die onderwerp pas, byvoorbeeld “jy” en “jou”.
- Leestekens word gebruik om emosie aan te dui.

**VOORBEELD:**

| | |
|---|---|
| Jannie/Petro: | Goeiemiddag, my liewe neef/niggie. Dit is ’n verrassing om van jou te hoor. |
| Sarel/Sarie: | Goeiedag, Jannie/Petro. Ek kon nie wag om jou te bel nie! Raai wat? |
| Jannie/Petro: | Nee, wat? Vertel! Laat ek hoor. |
| Sarel/Sarie: | Jong, ek is smoorverlief. Ek kan skaars uit my oë sien. |
| Jannie/Petro: | ... |

**[25]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

’n Informele toespraak is gewoonlik ’n toespraak wat onvoorbereid is – ’n toespraak uit die vuis uit. In dié geval word ’n groep 18-jariges oor die uitdagings wat die lewe bied, toegespreek.

- Die inligting moet korrek en objektief wees.
- Die persoon wat die toespraak hou, moet sy/haar feite goed ken.
- Daar moet by die onderwerp gehou word.
- Begin die informele toespraak met ’n kort inleiding.
- Die paragrawe moet logies op mekaar volg. **[25]**

© SACAI KOPIEREG

## 2.5 TYDSKRIFARTIKEL

**Hou die volgende in gedagte:**

- ’n Tydskrifartikel is ’n artikel in ’n tydskrif wat oor ’n bepaalde onderwerp handel.
- Die artikel gee feite aan die leser.
- Die doel van die artikel is om die leser in te lig.
- In hierdie geval handel dit oor **Die jeug het nog murg in hulle pype**.
- Die opskrif moet die aandag trek en die oog van die leser vang.
- Die styl moet persoonlik wees en direk tot die leser spreek.
- Die styl kan beskrywend en figuurlik wees en ’n beroep op lesers se verbeelding doen.
- Name, plekke, tye, gebeurlikhede, standpunte en enige ander besonderhede behoort ingesluit te wees.
- Taalgebruik is informeel.

**VOORBEELD:**

**Die jeug het nog murg in hulle pype**

Herklaas/Lea Rautenbach

Ons hoor voortdurend hoe treurig die jeug is en dat hulle niks wil doen nie. Hulle is laks, ruggraatloos, lui en stel nie belang om enigsins by aktitwiteite betrokke te wees nie.

**reël oop**

Hierdie woorde is van alle waarheid ontbloot; inteendeel, die oorgrote meerderheid van die jeug is regte staatmakers met murg in hulle pype.

**reël oop**

Mense moet versigtig wees om nie te veralgemeen nie. Dit beteken nie as een of twee jongmense niksnutte is, dat die jeug oor die algemeen geen murg in hulle pype het nie. Dit kom neer op stereotipering.

**reël oop**

Oral is die jeug by aktiwiteite betrokke – onder andere by die kerk, sportaangeleenthede, kultuuraktitwiteite en hulle help selfs met die verfraaiing van hulle omgewing.

**reël oop**

Nie net is die jeug by aktiwiteite betrokke nie, maar hulle het nog waardes en lei ’n lewe van integriteit en hoë sedelike waardes.

**reël oop**

Daar word ’n beroep op lesers gedoen om ons jeug te koester en te beskerm. Hulle is die leiers van die toekoms.

**[25]**

2.6 **HULDEBLYK**

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die styl van die huldeblyk is formeel.
- Daar word met die familie en vriende gepraat en nie met die oorledene nie.
- Die huldeblyk handel oor die oorledene wat ’n belangrike rol in die leerder se lewe gespeel het – dit was immers die persoon wat die huldeblyk lewer se beste vriend/vriendin.
- Die volgende besonderhede van die oorledene kan gegee word: naam en van, datum van afsterwe, waar die persoon tydens sy/haar dood gebly het, geboortedatum, geboorteplek ...
- Die volgende inligting kan ook ingesluit word: oorsaak van die dood en biografiese besonderhede.
- Die huldeblyk word in die verlede tyd geskryf.
- Die vertroosting en bemoediging word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Die toon, styl en woordkeuse is formeel, versagtend, liefdevol, vertroostend, bemoedigend en taktvol van aard.
- Die huldeblyk moet kort en bondig wees.

**VOORBEELD:**

**Huldeblyk: Willem/Rieta van Graan**

**Paragraaf 1:**
Eerstens wil ek graag my opregte meegevoel met Willem/Rieta se ouers en sy/haar broer/s en/of suster/s betuig met die afsterwe van hulle geliefde seun/dogter. Net soos vir julle, was dit vir my ’n geweldige skok toe ek van sy/haar tragiese en skielike afsterwe verneem het.

**Paragraaf 2:**
Ek onthou my beste vriend/vriendin as ’n besondere persoon. Altyd op sy/haar plek, gedissiplineerd, hoflik en vriendelik. Ons het nooit met mekaar baklei of oor onbenullighede gestry nie.

**Paragraaf 3:**
Ek het Willem/Rieta leer ken toe ons is in graad 1 was. En het ons nie lekker gespeel nie! Later jare, toe ons al ouer was, het ons kattekwaad aangevang deur klippe op mense se dakke te gooi.

**Paragraaf 4:**
Aan Willem/Rieta se ouers, broer/s en/of suster/s en familie: Ek bid julle die vertroosting van ons Hemelse Vader toe.

Ek gaan Willem/Rieta ongelooflik mis.

Dankie.

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: (25 x 2) [50]**

**GROOTTOTAAL: [100]**

# ASSESSERINGSRUBRIEK: <u>OPSTEL</u> – AFRIKAANS HUISTAAL [50 PUNTE]

| KRITERIA | | UITSONDERLIK | KNAP | GEMIDDELD | ELEMENTÊR | ONVOLDOENDE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **<u>INHOUD EN BEPLANNING</u>**<br><br>• Respons en idees.<br>• Organisasie van idees vir beplanning.<br>• Bewustheid van doel, gehoor en konteks.<br><br>**(50)** | **Hoë vlak** | **27–30**<br>1. **<u>Respons</u>**: Uitsonderlik/treffend en bo verwagting.<br>2. **<u>Idees</u>**: Intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en slot. | **22–23**<br>1. **<u>Respons</u>**: Baie goed. Getuig van vaardigheid.<br>2. **<u>Idees</u>**: Heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en slot. | **15–17**<br>1. **<u>Respons</u>**: Bevredigend.<br>2. **<u>Idees</u>**: Redelik samehangend en oortuigend.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Redelik en redelike samehang, insluitend inleiding, liggaam en slot. | **9–11**<br>1. **<u>Respons</u>**: Wisselvallige samehang.<br>2. **<u>Idees</u>**: Onduidelik en nie oorspronklik nie.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Min bewys van organisasie en samehang. | **3–5**<br>1. **<u>Respons</u>**: Heeltemal irrelevant.<br>2. **<u>Idees</u>**: Deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie. Vaag en herhalend.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Geen organisasie nie en is onsamehangend. |
| | **Lae vlak** | **24–26**<br>1. **<u>Respons</u>**: Uitmuntend, maar uitsonderlike eienskappe ontbreek.<br>2. **<u>Idees</u>**: Intelligent en volwasse.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Knap en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en slot. | **18–21**<br>1. **<u>Respons</u>**: Goed. Getuig van vaardigheid.<br>2. **<u>Idees</u>**: Relevant, interessant.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en slot. | **12–14**<br>1. **<u>Respons</u>**: Bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid.<br>2. **<u>Idees</u>**: Redelik samehangend en oortuigend.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Mate van organisasie, insluitend inleiding, liggaam en slot. | **6–8**<br>1. **<u>Respons</u>**: Grootliks irrelevant.<br>2. **<u>Idees</u>**: Begin los staan en kan verwarrend wees.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Skaars bewys van organisasie en samehang. | **0–2**<br>1. **<u>Respons</u>**: Geen poging om in ooreenstemming met die onderwerp te wees nie.<br>2. **<u>Idees</u>**: Heeltemal irrelevant en ontoepaslik.<br>3. **<u>Organisasie</u>**: Deurmekaar en geen fokus nie. |
| **<u>TAAL, STYL EN REDIGERING</u>**<br><br>• Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks.<br>• Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling.<br><br>**(15)** | **Hoë vlak** | **14–15**<br>1. **<u>Toon, register, styl</u>**: Woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **<u>Taalgebruik</u>**: Getuig van vertroue. Indrukwekkend.<br>3. **<u>Toon</u>**: Retories treffend en doeltreffend.<br>4. **<u>Grammatika en spelling</u>**: Feitlik foutvry.<br>5. **<u>Samestelling</u>**: Knap gedaan. | **10–11**<br>1. **<u>Toon, register, styl</u>**: Woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **<u>Taalgebruik</u>**: Doeltreffend.<br>3. **<u>Toon</u>**: Gepaste toon.<br>4. **<u>Grammatika en spelling</u>**: Grootliks foutvry.<br>5. **<u>Samestelling</u>**: Baie goed gedoen. | **6–7**<br>1. **<u>Toon, register, styl</u>**: Woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>2. **<u>Taalgebruik</u>**: Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra.<br>3. **<u>Toon</u>**: Toon is gepas en retoriese middele is gebruik om betekenis te versterk. | **2–3**<br>1. **<u>Toon, register, styl</u>**: Woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie.<br>2. **<u>Taalgebruik</u>**: Baie basies. Woordkeuse skaars toepaslik. Baie beperkte woordeskat. | **0–1**<br>1. **<u>Taal</u>**: Onverstaanbaar.<br>2. **<u>Toon, register, styl</u>**: Woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks.<br>3. **<u>Woordeskat</u>**: So beperk dat dit onmoontlik is om daarvan sin te maak. |
| | **Lae vlak** | **12–13**<br>1. **<u>Taalgebruik</u>**: Uitstekend.<br>2. **<u>Toon</u>**: Retories doeltreffend.<br>3. **<u>Grammatika en spelling</u>**: Feitlik foutvry.<br>4. **<u>Samestelling</u>**: Baie goed tot knap gedaan. | **8–9**<br>1. **<u>Taalgebruik</u>**: Toepaslik en oor die algemeen doeltreffend.<br>2. **<u>Toon</u>**: Gepas en doeltreffend.<br>3. **<u>Grammatika en spelling</u>**: Enkele foute in grammatika en spelling.<br>4. **<u>Samestelling</u>**: Goed gedoen. | **4–5**<br>1. **<u>Taalgebruik</u>**: Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk.<br>2. **<u>Toon</u>**: Oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele. | **0–1**<br>1. **<u>Taalgebruik</u>**: Onvoldoende. Weinig, indien enige sinsverskeidenheid. Woordeskat baie beperk. | |
| **<u>STRUKTUUR</u>**<br><br>• Kenmerke van teks.<br>• Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie.<br><br>**(5)** | | **5**<br>1. **<u>Ontwikkeling van onderwerp</u>**: Uitstekend. Uitsonderlike besonderhede.<br>2. **<u>Sinne en paragrawe</u>**: Uitsonderlik gekonstrueer. | **4**<br>1. **<u>Ontwikkeling van onderwerp</u>**: Logiese ontwikkeling van besonderhede. Samehangend.<br>2. **<u>Sinne en paragrawe</u>**: Logies en toon variasie. | **3**<br>1. **<u>Ontwikkeling van onderwerp</u>**: Relevante besonderhede ontwikkel.<br>2. **<u>Sinne en paragrawe</u>**: Goed gekonstrueer. Opstel maak nog effens sin. | **2**<br>1. **<u>Ontwikkeling van onderwerp</u>**: Sommige punte geldig.<br>2. **<u>Sinne en paragrawe</u>**: Foutief. Opstel maak nog sin. | **0–1**<br>1. **<u>Ontwikkeling van onderwerp</u>**: Noodsaaklike punte ontbreek.<br>2. **<u>Sinne en paragrawe</u>**: Foutief. Opstel maak nie sin nie. |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | | **40–50** | **30–39** | **20–29** | **10–9** | **0–9** |

# ASSESSERINGSRUBRIEK: TRANSAKSIONELE TEKS – AFRIKAANS HUISTAAL [25 PUNTE]

| KRITERIA | UITSONDERLIK | KNAP | GEMIDDELD | ELEMENTÊR | ONVOLDOENDE |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| • Respons en idees.<br>• Organisering van idees vir beplanning.<br>• Doel, gehoor, kenmerke/ konvensies en konteks.<br>**(15)** | **1.** **Respons**: Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfwerk behou fokus.<br>**2.** **Idees**: Intelligent en volwasse en behoorlik uitgebrei met besonderhede wat die onderwerp ondersteun. Inhoud samehangend.<br>**2.** **Formaat**: Gepas en akkuraat. | **1.** **Respons**: Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus – geen afwyking nie.<br>**2.** **Idees**: Inhoud samehangend. Baie goed uitgebrei met besonderhede wat die onderwerp onder-steun.<br>**3.** **Formaat**: Gepaste formaat met onbeduidende foute. | **1.** **Respons**: Voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings.<br>**2.** **Idees**: Redelik samehangend in inhoud en idees. Sommige besonderhede ondersteun die onderwerp.<br>**3.** **Formaat**: Oorwegend gepas, maar met enkele foute. | **1.** **Respons**: Basiese respons. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. Aanduiding van fokus, maar met afwykings.<br>**2.** **Idees**: Inhoud en idees nie altyd samehangend nie. Min besonderhede ondersteun die onderwerp.<br>**3.** **Formaat**: Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritiese foute begaan. | **1.** **Respons**: Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis onduidelik met groot afwyking.<br>**2.** **Idees**: Geen samehang in idees en inhoud nie. Baie min besonderhede ondersteun die onderwerp<br>**3.** **Formaat**: Nodige reëls van formaat nie toegepas nie. |
| **TAAL, STYL & REDIGERING** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| • Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks.<br>• Taalgebruik en - konvensies, woordkeuse, punktuasie en spelling.<br>**(10)** | **1.** **Toon, register, styl en woordeskat**: Hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>**2.** **Grammatika**: Akkuraat en goed gekonstrueer.<br>**3.** **Formaat**: Feitlik foutloos. | **1.** **Toon, register, styl en woordeskat**: Baie geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>**2.** **Grammatika**: Oor die algemeen akkuraat en goed gekonstrueer.<br>**3.** **Woordeskat**: Baie goeie woordeskat.<br>**4.** **Formaat**: Oorwegend foutloos. | **1.** **Toon, register, styl en woordeskat**: Geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>**2.** **Grammatika**: Enkele grammatikale foute. Voldoende woordeskat.<br>**3.** **Formaat**: Foute belemmer nie betekenis nie. | **1.** **Toon, register, styl en woordeskat**: Minder geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>**2.** **Grammatika**: Onakkuraat met etlike foute.<br>**3.** **Woordeskat**: Basiese woordeskat. Betekenis onduidelik. | **1.** **Toon, register, styl en woordeskat**: Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie.<br>**2.** **Grammatika**: Besaai met foute en verward.<br>**3.** **Woordeskat**: Nie geskik vir doel nie. Betekenis ernstig belemmer. |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |